NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- Webblad: http://www.noordsin.co.za
- Facebook: https://www.facebook.com/noordsin/

26 Junie 2020: Nr 17/2020

Warm nuus

SDR-vergadering

Die SDR (Sinodale Diensraad) gaan op Woensdag 15 Julie vir die eerste keer aanlyn vergader. Elke ring se afgevaardigdes sal binnekort meer besonderhede ontvang.

Covid-19: Finansiële ondersteuning

Neem asseblief kennis van dié skrywe wat in opvolging van die moderatuur se pastorale brief aan al die leraars gestuur is. **Kliek hier**

Slyp jou Covid-bytels

Die VBO-Forum, 'n gesamentlike inisiatief van Excelsus, Communitas en al die sinodes, het in die afgelope tyd die volgende **aanlyn kursusse** aangebied:

* Liturgie vir ongekarteerde tye
* Pastorale sleutels vir Covid-19 grendeltyd
* Netwerke vir nou
* Teologie in die tyd van Covid-19
* Nagedink oor God en lyding: Perspektiewe uit die OT
* Covid-19 en die Ekonomie
* Pandemies – 'n Historiese Perspektief
* Kerk en Covid-19

In die komende weke word die volgende kursusse aangebied:

* 8 Julie: Wanneer tuisbly nie veilig is nie (Gendergeweld)
* 22 Julie: Verbeelding
* 5 Augustus: Rassisme

→ Meer inligting hieroor sal later volg.

Stories van Hoop

Kliek hier en lees onder andere hoe ***PEN*** op 'n unieke manier in die middestad 'n verskil maak gedurende die inperkingstyd.

Gemeentes: Ons wil graag in hierdie tyd verhale van hoop met mekaar deel. Gemeentes is welkom om stories van nie langer nie as 150 woorde en twee foto's vir Hermien te stuur by hermien@noordsin.co.za.

Covid-19: Wenke

Ons wil graag in hierdie tyd hande vat. Kom ons help mekaar met praktiese wenke. Stuur gerus jou wenk vir Hermien by hermien@noordsin.co.za.

Gedagtes om te oorweeg tov insluiting van persone met gestremdheid tydens inperking.

Die unieke maniere van noue kontak te midde van fisiese afstand:

- Bly in kontak op enige manier wat steeds veilig is.
- Maak tyd vir gesprek wat nabyheid bevestig. Die gemeenskap van gelowiges is eintlik diep aan mekaar verweef, insluitende persone met gestremdheid.
- Bou betekenisvolle vriendskap waar ervarings wederkerig gedeel kan word.
- Die goue draad van praktiese ondersteuning: Hoe kan ek jou help?
  - Gereelde telefoongesprekke?
  - Gaan doen inkopies?
  - Huis take waar dit so veilig moontlik gedoen kan word?

Moet niemand vergeet in hierdie tyd nie: Bly in kontak met persone met gestremdheid! Lees meer op die RampUp **Facebook blad**.

❖ Vorige wenke

Kliek hier vir vorige wenke, oor onder andere *virtuele vergaderings*, *tegnologie* en *hoe om basaar te hou*.

Sinodenuus

❖ Excelsus: Aanlyn kursusse

Inligting asook inskrywingsvorms sal met verloop van tyd deurgegee word:

1. **Kom ons lees die Bybel.**
   Module 2: Kom ons lees die Nuwe Testament. In hierdie werkswinkel word daar gefokus op die brief aan die Kolossense en nagedink oor die vraag: Wat beteken dit as mens hierdie brief deur die lens van missionaliteit lees?
   - 14-15 Julie 2020
   - Aanlyn per Zoom
   - Koste: R75
   - 25 VBO-punte
   - Ds Leon Westhof
   - Sluitingsdatum vir inskrywings: *10 Julie*

   Inskrywing: https://forms.gle/zMDCLnwMNGZ2m1JX8 (Inskrywings geskied deur middel van dié aanlynvorm)
   Navrae: Rika by excelsus@up.ac.za
2. **Sertifikaat in Bedieningsontwikkeling** - *Kursus gerig op predikante in die beginfase van hulle bediening*
   Module 6: *Hoe word 'n gemeente missionaal?*
   - 21-23 Julie 2020
   - Aanlyn
   - 30 VBO-punte
   - Dr André Bartlett
3. **Sertifikaat in Bedieningsvernuwing** - *Kursus gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening*
   Module 6: *Oor Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens. [4e groep]*
   - 28-30 Julie 2020
   - Aanlyn
   - 30 VBO-punte
   - Dr André Bartlett
4. **Lentekonferensie**
   - 15-17 September 2020
   - Tema: 'n Roetekaart: Van wond tot verwondering
   - Aanlyn
   - 30 VBO-punte
5. **Brugbediening**
   - Week 1: 9-12 November 2020
   - Week 2: 22-25 Februarie 2021

   Navrae: Kontak Hesmarie Bosman 012-420 4952 of hesmarie.bosman@up.ac.za.

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: Dinsdag 30 Junie om 11:00
Skriflesing: Matt 11

Zoom uitnodiging:

Join Zoom Meeting:
https://zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478
Password: 453371

Belangrike inligting: Dis 'n herhalende vergadering sodat jy elke keer dieselfde ID en wagwoord kan gebruik. Indien dit die eerste keer is dat jy met Zoom inskakel moet jy vooraf die program/toep (app) aflaai en dan by "join meeting" ingaan en die ID en wagwoord in tik.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Innige simpatie

Johan van Loggerenberg, emeritus, en voorheen leraar van Waterberg-Noord (Vaalwater), Pretoria-Oos (opdrag: Europa) en Noordoos-Pretoria is Woensdag 24/06 aan kanker oorlede. 'n Privaat begrafnis vir die familie vind plaas op Woensdag, 1 Julie om 11:00. Die geleentheid sal na die tyd op YouTube beskikbaar wees.

❖ Emeritaat

Johan Olivier [Magalieskruin] emeriteer op 30 Junie. Hy lewer 'n aanlyn-afskeidspreek eerskomende Sondag, 28 Junie.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:
01/07 Pieter Strümpfer [Emeritus, 082 292 3521, pietersstrumpfer@gmail.com]
03/07 Hennie Horn [Emeritus, 082 743 9238, henniehorn@telkomsa.net]
04/07 Edwald Bosch [Emeritus, 079 427 8794, edwaldbosch@gmail.com]
05/07 Coenraad Bekker [Emeritus, 082 856 7069]
06/07 Willie Kloppers [Emeritus, 084 585 0224, admin@ngkmp.co.za]
****
01/07 Lizette Joubert [Eldoraigne, 012-654 1200, andre@eldofam.co.za]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Pretoria-Dowes [**Gestig**: 06/07/1980]

Ander nuus

❖ CLF-nuus

***Oop deure* nou beskikbaar**



Coenie Burger se boek ***Oop deure - wat Openbaring ons oor die kerk se lewe en roeping leer***, is meer as net 'n blote uitleg van die boek Openbaring. Dit is uiters aktueel geskryf, toepaslik vir ons onseker tye van pandemies, toenemende konflik, morele verval, ekologiese rampe en die kerk se besinning oor identiteit en roeping te midde van al hierdie uitdagings.
Dit bied ook 'n praktiese en kreatiewe weg waarop gemeentes gehelp kan word om missionaal te transformeer. Die boek word dus aanbeveel vir leraars, pastore, kerkleiers en teologiese studente, maar dit kan ook met groot vrug deur lidmate in gemeentes gelees en bespreek word.
Die boek is uitgegee deur CLF Uitgewers. Dit kos R220.
Dit kan bestel word by order@clf.co.za of **kliek hier** om dit aanlyn aan te koop.

❖ Webblaaie wat jy kan besoek sonder enige datagebruik

Die Assosiasie vir Internetdiensverskaffers van SA, het aangekondig dat sowat 1 000 plaaslike webblaaie reeds geregistreer is op ‘n zero-gradering. Dit beteken dat alle Suid-Afrikaners hierdie webblaaie kan besoek oor mobiele of vaste netwerke, sonder dat dit jou enige data kos. Dié reëling geld solank Suid-Afrika in ‘n Covid-19 ramptoestand bly. **Kliek hier** vir meer inligting, asook die lys wat elke Maandag opgedateer word - dit sluit verskeie opvoedkundige hulpmiddels in. *[Met dank oorgeneem uit die Vrypos]*

Naskrif